

7 Desember

Skrifgedeelte: Lukas 1:67-80

Fokusgedeelte: Lukas 1:68

Is jy stom of jubel jy in jou verlossingsvreugde?

Die aankondiging en die geboorte van ons Verlosser, Jesus Christus, is omring met lofliedere tot eer van God oor die verlossing wat Hy vir ons bewerk het. Eerste in die koor is Elisabet met haar vreugde oor Maria se besoek. Tweede val Maria weg in haar loflied oor die verlossing wat God aan haar bekend gemaak het. Derde is ons fokusgedeelte waar Sagaria sy loflied oor die Verlosser sing. Vierdens die menigte engele met hulle lied aan die skaapwagters. Vyfdens Simeon se loflied in die tempel en in die laaste plek die profetes Anna wat haar loflied sing oor die vervulling van God se belofte van verlossing.

Almal sing met blydschap en vol van dankbaarheid, want God het sy beloftes vervul en die Verlosser word en is gebore! Maar tog was almal nie van die begin af hiervan oortuig nie. Dieselfde Sagaria wat hier sy loflied sing, was eers stom gemaak (lees hfst 1:5-23). Sy mond is gesluit sodat hy nie sy loflied kon sing voordat hy die vervulling van God se belofte aan hom en sy vrou gesien het nie! Hoekom is hy stil gemaak? Omdat hy kleingelowig was! Hy het nie geglo dat God kon doen wat Hy beloop nie (1:20).

Kleingeloof laat die loflied verstom! Is dit nie ook baie keer waar van my en jou lewe nie? Dat ons vreugde oor ons verlossing verstom omdat ons nie vertrou dat die Here ook aan ons kan doen wat Hy beloop het nie?

Eers nadat Sagaria die vervulling van God se belofte gesien het, kon hy sy verlossingsvreugde in hierdie lied uiter. Ek het jy het mos ook die vervulling van God se beloftes van verlossing gesien. Ons het Jesus Christus met ons geloofsoë gesien. Ons is saam met Hom gekruisig en ons het weer saam met Hom in 'n nuwe lewe opgestaan. 'n Nuwe en ewige, verlore lewe waaroor ons kan jubel!

Mag my en jou lewe vandag 'n loflied tot eer van God wees omdat ons bly en dankbaar is oor ons verlossing.

Sing: Psalm 107:1 en 10 (1936)

Ds P Venter (Potchefstroom-Oos)